In elke Christen se hart leef die versugting: “Here, help my om u stem te hoor! Leer my hoe om by U tot rus te kom.”

In Oomblikke van stilte word die leser gelei om fyn te luister en te hóór – en in gehoorsaamheid op te staan en te dóén. Die dagstukkies neem ons op die spoor van Bybelfigure wat God heelhartig gevolg het. Daar is egter ook die twyfelaars en hardkoppiges, en dié – soos klein Samuel – wat nog moet leer om God se stem tussen die baie ander stemme te herken. Ons word met ons eie geloofspad gekonfronteer: Met die dinge wat ons van ’n gehoorsaamheidslewe weerhou; met verlies wat ons stom en vertwyfeld laat, maar ook die verwondering wanneer ons besef dat Christus Immanuel is – die God wat tussen ons leef.

In Oomblikke van stilte leer ons hoe om die sagte ruising van Christus se kleed langs ons op ons Emmauspad te hoor en sy stem op ons elkedagse stofpaaie te herken.

God se stem word nooit stil nie. Hy verlang dat ons sal antwoord: “Praat, Here. Hier is ek. Ek luister.” 184